

Maandag 6 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 8:1-22

Fokusgedeelte: 1 Samuel 8:7

Die Alleen-Koning is alleen Koning

Wat het skeefgeloop? Die HERE het mos by monde van Moses belowe dat Hy vir sy volk 'n koning sal gee (Deut. 17:15)? Hy het selfs belowe dat hulle 'n koning sal hê soos die volke wat rondom hulle is (Deut. 17:14).

Rigters is nie konings nie. As Samuel se twee seuns die rigtersamp op 'n korrupte manier misbruik, is dit tog seker logies dat die volk 'n koning wil hê wat op die paaie van die HERE loop? Tog is Samuel diep ongelukkig oor die volk se wens. En die HERE is te na gekom. Die volk het met hulle wens om 'n koning te hê, Hom as Koning verwerp. Wat het skeefgeloop?

Die antwoord staan geskrywe in vers 8. Die volk se soeke na 'n koning was nie volgens Moses se bevel in Deuteronomium 17 nie. Hulle soek 'n koning wat hulle saak moet dien. Hulle begeer 'n koning wat hulle stryd stry met wapens wat hulle verkies. Geen Teokrasie (God regeer) nie, maar Demokrasie (die volk regeer).

Die HERE beskik dit so dat die volk kry waarvoor hulle vra. Hulle kry 'n koning wat by hulle ideale pas: 'n man van statur, groot, sterk, magtig. Onmiddellik moes die rooi ligte vir hulle begin flikker het. Saul is immers nie uit die koningstam Juda afkomstig nie (sien Gen. 49:10), maar uit Benjamin. Saul word nie die koning wat "n man na God se hart is" nie. Intendeel, die HERE tugtig sy ongehoorsame volk met Saul. Die volk kry die koning wat hulle verdien, omdat hulle God as hulle Koning verwerp.

Hoe anders sou koning Dawid uit die geslag van Juda wees! Dawid word heenwyser na Koning Christus, die Koning van die konings. Intussen moet die volk 'n dure les geleer word. Baie nederlae word gely. Baie bloed vloei. Baie gesinne en families word in ellende gedompel deur Saul se harde regering. Die res van 1 Samuel spel die hartseer verhaal uit.

Wie begeer en erken en dien jy as koning? En as Koning? Wie het die eerste en laaste sê in jou lewe? Wat en w(W)ie beheers jou denke, planne, toekomsideale? Ons kan nie God en Mammon tegelyk dien nie, sê Christus in Matteus 6:24. Ook nie God en enige ander ding wat as god in jou lewe verhef word nie. Hy alleen wil volgens sy wet aanbid en verheerlik word. Hy laat nie met sy Konings-eer mors nie.

Sing: Psalm 99-1:2, 3

Dr. GJ Meijer (Gerard) (Oos-Moot)